AGRI Gauteng

MEDIAVERKLARING / MEDIA RELEASE

AGRI GAUTENG BOERE REIK UIT NA DUDUZA GEMEENSKAP
AGRI GAUTENG FARMERS REACH OUT TO DUDUZA COMMUNITY

5 Oktober/October 2011

AGRI GAUTENG BOERE REIK UIT NA DUDUZA GEMEENSKAP

In die spoor van twee tornado's lê daar verhale van verwoesting maar ook van hoop en uitreik na mekaar. Die twee tornado's wat die Vrystaat en Gauteng oor die naweek getref het, het talle boere se harte en emosies diep geraak.

Baie boere in die Kliprivier-, Heidelberg- en Nigelgebied het nie skotvry van die storm oor die naweek afgekom nie. Die skade wat aangerig is in die swart woongebiede – veral in Duduza – was groter en omvangryker. Talle inwoners is traumaties deur die tornado geraak wat hulle huise en besittings in die ramp verloor het.

André Botha, President van Agri Gauteng sê "dat lede van die organisasie se bede uitgaan na die Mkhtshkwa familie wat 'n geliefde aan die dood moes afstaan asook talle mense wat groot skade aan hulle eiendom gelei het. Hy wens die beseerdes 'n spoedige herstel toe".

Botha het 'n beroep op lede van die organisasie gedoen om hulle bure in Duduza te help. Hy sê "die reaksie met voedselhulpaanbiedinge was onmiddellik en oorweldigend en dat hy waardering het vir die medemenslikheid van lede van die organisasie. Duduza is ons bure en in die Landbou help bure mekaar as die een in nood verkeer".

Die eerste hulp is Maandag al spontaan afgelewer voordat die hulpinfrastruktuur behoorlik op die been was. Meer as 4 ton mieliemeel, vragmotors met mielies en eiers, bakkies met groente, ens is reeds beskikbaar gestel en met die leiding van Ekurhuleni Metro se rampbestuur personeel is die voedselhulp in die proses van aflewering.

Agri Gauteng versoek boere in die gebied om verder te help met die verligting van die mense se nood aangesien die probleem nie na 'n week opgelos sal wees nie. Aanbiedinge vir voedselhulp kan gekommunikeer word aan die Hoofbestuurder van Agri Gauteng, Dirk Hanekom , by (012) 643 3400 of 082 313 0042 of epos Dirk@agrisa.co.za.

Agri Gauteng het ook simpatie met die situasie van die inwoners van Ficksburg in die Oos Vrystaat wat in 'n soortgelyke situasie verkeer en moedig boere in die provinsie aan om hierdie inwoners ook by te staan.

Navrae: André Botha, President: Agri Gauteng: Tel: 083 629 5685
Dirk Hanekom, Bestuurder: Agri Gauteng: Tel: 082 313 0042
Simphiwe Mtsweni, Koördineerder Duduza: Tel: 082 645 0181

AGRI GAUTENG FARMERS REACH OUT TO DUDUZA COMMUNITY

On the trail of two tornadoes there are stories of destruction but also of hope, with people reaching out to one another. The two tornadoes that struck the Free State and Gauteng over the weekend have had a profound effect on the hearts and emotions of many farmers.

Many farmers in the Klip River, Heidelberg and Nigel area did not escape the storm during the weekend. However, the damage caused in black residential areas – especially in Duduza – was more severe and widespread. Many residents traumatised by the tornado have lost their homes and possessions in the disaster.

Agri Gauteng president, André Botha, said “the prayers of the organisation’s members go out to the Mkhtshkwa family who had lost a loved one, as well as to the many people who suffered severe damage to their property”. He wished the injured a speedy recovery.

Botha called on members of the organisation to help their neighbours in Duduza. He said “the response which came with offers of food was immediate and overwhelming and there is appreciation for the human kindness shown by members of the organisation. Duduza is our neighbour and in agriculture neighbours help each other in times of need.”

The first food aid was delivered spontaneously on Monday even before the relief infrastructure was properly in place. More than 4 tons of maize meal, eggs, crates with vegetables, etc. have already been made available and under the guidance of Ekurhuleni Metro’s disaster management staff the food is in the process of being delivered.

Agri Gauteng has called on farmers in the area to assist further in alleviating the suffering of people as the problem is unlikely to be resolved within a week. Offers of food can be communicated to the General Manager of Agri Gauteng, Dirk Hanekom, at (012) 643 3400 or 082 313 0042 or e-mail Dirk@agrisa.co.za.

Agri Gauteng also sympathised with residents of Ficksburg in the eastern Free State who are in a similar situation and encouraged farmers in the province to assist these people.

Enquiries: André Botha, President: Agri Gauteng: Tel: 083 629 5685
Dirk Hanekom, Manager: Agri Gauteng: Tel: 082 313 0042
Simphiwe Mtsweni, Co-ordinator Duduza: Tel: 082 645 0181